

Herfsuitgawe
APRIL
2026

Dias Nuus

Nuusblad van N.G. Gemeente Dias



KERSSPEL 2025: ALLES VOLBRING VAN KRIP TOT KRUIS

... het 'n ieder en elk van ons in die
volgepakte Boesmanskerk, weereens diep
aangeraak op Sondag 21 Desember 2025.
Ons plaaslike talent verstom ons keer op keer
en bring telkens tranes in die oë ...

Baie dankie Irma, Claret en Span:
'n Kersspel wat ons nog lank sal bybly !

(Lees gerus Irma se terugblik asook die
terugvoer van lidmate en besoekers
op bladsye 3, 4 & 5)



*"I need Thee, oh, I need Thee; every hour I need Thee;
Oh, bless me now, my Savior, I come to Thee ..."*



NG KERK DIAS
KERSSPEL
2025
ALLES
VOLBRING
VAN KRIP
TOT KRUIS
BOESMANSKERK
SONDAG 21 DES 2025
8:00 & 9:30



**"Ek groet jou, Maria . . .
Jy het deur die skaduwee gegaan . . ."**



**NG KERK DIAS
KERSSPEL
2025
ALLES
VOLBRING
VAN KRIP
TOT KRUIS**

**BOESMANSRIVIERMOND
SONDAG 21 DES 2025
8:00 & 9:30**




BOESMANS se eie, plaaslike, talentvolle sanggroep . . .




**"I NEED THEE
EVERY HOUR"**

**Other mothers
there had long
ceased to care,
but not this one . . .**

"Mary did you know . . . ?"



**471 mense woon die 2
dienste op 21 Des. 2025 by**



**HARTLIKE DANK AAN MUSIKANTE YVETTE SCHOEMAN
(ORREL) EN ERNST MÜLLER (FRANSEHORING) WAT HUL
BESONDERSE TALENTE MET ONS KOM DEEL HET!**



**DIE KLANK- & BEELDSPAN WAT
AGTER DIE SKERMS WERK**

**SANET
& DESI**



Van die Redaksie

Ek glo die meeste van ons "ouer garde" het met die Halleluja-boek grootgeword en kan tot vandag toe nog baie van die liedjies onthou wat ons in ons kinderdae gesing het. Ek het vanoggend baie vroeg wakker geword en kon nie weer dadelik aan die slaap raak nie. Skielik begin dié Hallelujalied in my kop draai: *"As die lewenstrome woedend om jou slaan en jy gans ontmoedig vrees om te vergaan, tel jou seëninge, tel hul een vir een, en jy sal verbaas wees oor wat God verleen ..."* 

Dit was asof die Here met my gepraat het deur juis nou dié lied te onthou.

Ons gemeente en gemeenskap is die afgelope tyd "geslaan" met die erge droogte asook veldbrande wat ons getref het. Dit is vanselfsprekend dat ons bevrees was tydens hierdie rampe. In hierdie Dias Nuus is daar 'n berig oor die veldbrande en hoe die Here op wonderbaarlike wyses gehelp het deur die windrigting te verander, die baie hulp wat opgedaag het op verskeie maniere en die gebede wat verhoor is. Ons kan regtig ons seëninge een vir een tel en ons Vader wat voorsien het, loof en prys vir sy goedheid. Lees ook die pragtige gedig *Droogte & Reën* op p. 17.

Op 'n ligter noot – ons redaksiespan het besluit dat Dias Nuus 'n bietjie vernuwing nodig het. Daar is onlangs in 'n paar Sondae se afkondigings 'n uitnodiging aan die gemeente gerig om hulle interessante stories met ons te deel. Ons het net een bydrae gekry vir dié uitgawe, wat ek glo almal baie sal geniet. Gaan loer gerus op p. 18 na ons nuwe "Koffietafel  stories". Ons omgewing en gemeenskap is regtig uniek, so ons hoop om in die toekoms nog baie lekker saam te kan gesels oor 'n koppie koffie.

Daar is ook besluit om 'n *Ken-mekaar-rubriek* te begin. Ons het aan 2 egpare in ons gemeente vrae gestuur wat hulle met groot entoesiasme beantwoord het. (Kom bou aan mekaar se stories p. 15 tot 17)

Mag die lees van hierdie Herfsuitgawe van Dias Nuus weereens vir elke leser 'n aangename ervaring wees. Onthou, ons redaksie verwelkom altyd enige bydrae of voorstelle vir ons nuusblad.



Groete
Esmé Bergh



TERUGBLIK OP KERSSPEL 2025

ALLES VOLBRING VAN KRIP TOT KRUIS

Daar heers groot opgewondenheid. 40 van ons gemeentelede oefen al lank en nou is die oomblik uiteindelik hier. Ons kan ons gemeente en besoekers saamneem op 'n reis van krip tot kruis.

Ons kan getuig en sing dat ons God nodig het. Elke sekonde, elke minuut, elke uur van elke dag, en dat Hy ons nog nooit gefaal het nie. 'n Reuse dankie soos altyd aan almal wat dit moontlik gemaak het, deelgeneem het en hard gewerk het. Spesiale dankie aan

Yvette Schoeman wat ons so geïnspireerd op die orrel begelei het en vir Amina Liebenberg vir al haar werk vooraf.

**"I need Thee, oh, I need Thee; every hour I need Thee;
Oh, bless me now, my Savior, I come to Thee."**

Die geboorte gebeur stilweg. Dit verander alles. Dit wys vir ons die gesig van God en bring ons Verlosser tot by ons, tot in ons.

**"dit waai oor die berge soos die wind
en dis onkeerbaar soos die geboorte van 'n kind"**

Ons groet Maria in die skadu's van 'n tuin en sy sing oor die grootheid van God. Sy juig oor die kind in haar arms en sien God in sy gesiggie raak.

**"Jy wat die gesig van God vir ons oop kom vou.
Slaap liewe kindjie, slaap sag."**



Vervolg op p. 4 . . .

KERSSPEL 2025 vervolg . . .

[Fotobeeld op voorblad en p. 2]

Saam met alle getroues en herders en wyse manne vier ons die geboorte met wit lappe en sterre en mirre en wierook en goue krone.
Maar ons huil ook saam met alle vlugtelinge, net soos Jesus self eens was, oor die ontheemdheid, die vreemdheid en die lot van mense sonder huis of hawe . . .



*"She had bathed him and rubbed him down with bare palms.
She took from their bundle of possessions
a broken comb and combed the rust-coloured hair left on his skull
and then – humming in her eyes – began carefully to part it.
In their former life this was perhaps
a little daily act of no consequence
before his breakfast and school; now she did it
like putting flowers on a tiny grave."*

Jesus word groot. Hy bly agter na die Paasvieringe en staan onbeskaamd tussen al die geleerdes in die tempel:


*"Toe ons met Hom praat was ons nie,
met al ons kennis in staat om Hom vas te vra nie.
Ons was waarlik verstom.
Die Seun se wysheid kon net van God af kom!"*



Maria se kind is groot . . . Ons beleef Hom in al sy volheid en sien sy goddelike krag in sy wonderwerke. Ons vier heerlik saam fees op die bruilof in Kana:

*"En alhoewel die tyd nog nie reg is nie
steek Hy met medelye sy hande in die water
en bid tot sy Vader
en wanneer Hy sy hande uit die kruik haal
en die wyn oor sy vel sien vloei,
is dit asof sy hande reeds rooi oor die hele aarde bloei!"*

Hy voed ons honger en les ons dors, 'n klein bietjie word baie!



*"maar met Sy Woorde en 'n klein seuntjie se vis en brood
verrig Jesus 'n wonderwerk . . .
Hy voed hulle liggame, maar ook hulle diepste hongersnood!"*

Hy kom om ons skoon te was en ons van binne en van buite te genees.

*"En kry Hom beet aan die stowwerige soom van sy kleed
en dis asof Hy dadelik van my weet . . .
Wanneer Hy omdraai en na my kyk, sien ek in sy oë:
die siekte het gewyk en: EK IS REIN!"*

Hy kom maak al ons storms stil.



*"Tot Hy die skuit gesien het en hoe dit sukkel,
en dadelik was Hy Christus: Jesus: hulp, hande, hawe –
En die see en die wind en die bang menseharte
het oombliklik bedaar,
en Hy het by hulle ingeklim,
net een donker liggaam meer,
en met plas van spane land toe gevaar."*

Uiteindelik kyk ons terug. Ons het Jesus, die een wat vir ons in Betlehem gebore is, leer ken. Alles is volbring van krip tot kruis . . .

*"maar ons het almal gesien sy bloed was rooi soos al die ander
en Hy's toe nooit dood nie . . .
outsider onder die outsiders
Hy en sy woord survive tot in alle ewigheid"*

*"I need Thee, oh, I need Thee; Every hour I need Thee;
Oh, bless me now, my Savior, I come to Thee!"*

— Irma Venter —

BOODSKAPPE ONTVANG . . .

TERUGVOER: KERSSPEL 2025

I LOVED the whole cast !!
Sincere Jesus ! What a lovely boy.
Loved that you brought out Jesus's Jewishness !!
I am not very sentimental, but I sob when things are beautiful and moving . . .
Well – I sobbed right through the story and still cry every time I talk about it or think about it.

Thank you
Jean Paige
Port Alfred



Medewerkers aan hierdie uitgawe

Ds. Wikus Venter	Ilse Oosthuizen
Irma Venter	Allan Marais
Ferdi Bergh	Claassen Gesin
Linda Mynhardt	Müller Gesin
Sars Pretorius	Elspeth Liebenberg
Ds. Christoph Müller	Ben du Plessis



Redaksie

Esmé Bergh	Babs Meiring
Sanet Schoon	Lydia du Toit
Derick Moll	



Kerkkantoor:
Maandag, Woensdag
en Vrydag
09:00 – 12:00
Broadwayweg 26,
Port Alfred

Telefoon: 046 624 3534
E-pos: skriba@ngkdias.co.za
WhatsApp-no: 068 964 9350
Webwerf : ngkdias.co.za



Vir my was dit 'n groot voorreg om vir die eerste keer deel te kon hê aan die Kersspel. Ek was jammer dat dit so gou verby gegly het en het regtig gewens dat ek die oomblikke langer kan vashou!
Die sang en lofprysing en aanbidding tussen wonderlike talent was aangrypend !
Dankie julle !
Lana de Reuck

My eerste keer ook . . . en ek was bevoorreg.
Wat 'n ervaring !
Janet Edeling

THANK YOU ! THANK YOU !
Thank you to you all who blessed us with your Christmas production in the NG Kerk this morning!
What a joy to see a church packed to the rafters, worshipping with so much joy!
The words of the Jesus story, the beautiful singing, the technology involved, the actors, the décor – simply fabulous !
Now our hearts are ready to receive the Christ Child.
We will be there for sure next year and will arrive at least an hour early.

[Boodskap was op 'n Engelse Bybelstudie WApp-groep]



Aswoensdag 2026

Aswoensdag is die begin van die 40 dae van Lydenstyd in die Christelike kalender – die tyd van voorbereiding vir Pase. Dit is ’n dag van verootmoediging, bekering en herinnering aan ons afhanklikheid van God. Waar kom Aswoensdag vandaan?

Die gebruik van Aswoensdag ontwikkel in die vroeë kerk. Teen die vierde eeu het Christene ’n tyd van ongeveer veertig dae begin hou as voorbereiding vir Paasfees.

Die veertig dae herinner aan verskeie Bybelse periodes van voorbereiding:

- Moses se 40 dae op Sinai (Eks. 34)
- Israel se 40 jaar in die woestyn
- Jesus se 40 dae van versoeking in die woestyn (Matt. 4)



Die gebruik van **as** as teken van berou kom direk uit die Bybel. In die Ou Testament het mense soms sak en as gebruik as teken van verootmoediging voor God (bv. Job 42:6; Daniël 9:3; Jona 3:6).

Teen die Middeleeue het die gebruik ontwikkel dat gelowiges op hierdie dag ’n kruis van **as** op die voorkop ontvang. Die **as** is tradisioneel gemaak van die verbrande palmtakke van die vorige jaar se Palmsondag.

Die simboliek van die **as**:

Wanneer die as op ’n persoon se voorkop of hand geplaas word, word dikwels hierdie woorde gesê: “Onthou dat jy stof is en tot stof sal terugkeer.” (Gen. 3:19)

Die **as** simboliseer drie dinge:

1. Sterflikheid

Dit herinner ons dat ons mense verganklik is en nie oor ons eie lewe beskik nie.

2. Berou en bekering

Die **as** is ’n teken dat ons ons sonde erken en na God toe terugkeer.

3. ’n Nuwe begin


Ironies genoeg is die teken van dood ook die begin van ’n pad wat lei na lewe – na die opstanding van Christus met Paasfees.

Aswoensdag roep gelowiges op om eerlik na hul lewe te kyk. Dit is ’n dag om stil te word.

Dit is nie ’n dag van wanhoop nie, maar van hoopvolle bekering. Die **as** op ons voorkop of hand herinner ons daaraan dat ons broos en sterflik is – maar ons behoort aan God wat uit stof nuwe lewe kan skep.

Ds. Wikus Venter



ASWOENSDAG – 18 FEBRUARIE 2026**Skildery Titel: Kiddush****Kunstenaar: Yehada Freemant**

Tema: Heiligmaking/Godelike teenwoordigheid
"Kiddush" beteken letterlik heiligmaking of
afsondering as heilig.

OP ASWOENSDAG . . . KIDDUSH**(Geskryf deur Irma Venter)**

*'n Hopie as, 'n vlammende Lig
 en 'n druppel water,
 neem ons 'n vlietende oomblik
 uit ons bestaan, uit ons besig wees,
 ons gejaag na wind, ons hardloop op
 die rot se wiel.
 Uit ons onheiligheid!
 Ons wil onself afstaan, afsluit, afsonder
 tot in die heilige hart van God!*

**JESUS SE 40-DAE LANGE PAD VAN
LYDING BEGIN VIR ONS IN STOF EN AS**

*Ons wil ons onder die kruis opkrul
 met ons donker kolle,
 ons broosheid en gebrokenheid,
 ons verganklikheid.
 Ons wil voel hoe God ons aanraak,
 sy asem oor ons blaas ...
 Ons wil die askruisie ontvang wat sê:
 Jy behoort aan my. Ek sluit jou in.
 Ek brandmerk jou tot my kudde.
 Ek hang vir jou aan die kruis.
 Ek red jou. Jy is myne!*

**JESUS SE 40 DAE LANGE PAD VAN LYDING
BEGIN OOK VIR ONS IN LIG**

*Ons wil in die helder Lig
 regopstaan onder die kruis
 met ons ligte, gesuiwerde harte.
 Ons wil ons uitrek, en uitstrek en
 uitreik na bo – na God
 met ons dankbaarheid,
 ons vreugde, ons verlossing!
 Ons wil die klein kersie aansteek
 by die Christuskers en voel hoe die
 Lig oor ons spoel
 en al die duister en onheil verdryf.
 Ons wil alles bring voor die God van lig
 aan wie ons behoort.
 Hy sien jou raak
 Hy verdryf jou duister
 Hy open jou blinde oë
 en laat jou sien.*


**DIE VEERTIG DAE LANGE PAD VAN
LYDING BEGIN OOK IN WATER**

*Die vlietende oomblik is verby ...
 Buite met ons hande in die water
 onthou ons die verbond.
 Ons is ingesluit, ingeweef,
 ingebed en ingedoopt
 in die verbondshart van God!
 Met ons voete in stof en as,
 met ons koppe in die Lig
 en ons hande in die water,
 gaan ons **geheilig** huis toe!*



JOT (Jesus Our Teacher)

Die meeste van u is reeds bewus van JOT wat ten doel het om Graad 3- en 4-leerders te leer lees en skryf in isiXhosa. Onvermoë om dit te kan doen, is 'n groot probleem soos wat u die afgelope tyd dikwels in die media verneem het. JOT verskaf al vir 23 jaar hierdie diens wat deur ds. Mike Smuts begin is.



'n Dag in die "lewe" van JOT

So 'n dag begin met die afhaal van brode by *Sunshine Coast SPAR* in Kenton. Dit is 'n groot bydrae om die sowat 60 leerders by die Ekuphumleni Primêre Skool van kos vir die dag te voorsien. Vir sommige leerders is dit die enigste kos wat hulle elke dag kry. Die broodjies word deur vrywilligers gesmeer.

Van die klaskamers by die Ekuphumleni Primêre Skool word 3 dae per week in die middag van 15:00 tot 16:00 gebruik om klas te gee. Marian Rousseau van die Sunshine Church is verantwoordelik vir die organisasie en al hierdie praktiese reëlins.

Die dames wat die ekstra klasse aanbied is Bonggi, Cherrie, Nolu en Zanele. Cherrie en Zanele bied die klasse aan vir die Graad 3- en 4-leerders. Almal is baie entoesiasies en toegewyd. Dit is vir hulle dienste waarvoor JOT se finansies grootliks aangewend word. Bonggi konsentreer op leerders wat sukkel met letterklanke en woordherkenning. Zanele werk weer met klank en letterbegrippe vir leerders wat geen lees- of skryfvermoë het nie. Sy stuur o.a. leerders huis toe met leesboeke en hulle moet dan die volgende dag daarmee terugkom en vrae daarvoor beantwoord. Cherrie, met Nolu as hulp, het die sterkste groep wat reeds kan lees en skryf. Hulle doen hoofsaaklik begripsontwikkeling. Hierdie kinders moet vrae kan beantwoord en sinne kan skryf. Marian help oorkoepelend deur leiding en hulp te gee. Dit bly vir hulle 'n voorreg en vreugde om sukses met die leerders te behaal. 'n Groot probleem ontstaan egter wanneer hierdie leerders na Graad 5 oorgeplaas word en in Engels onderrig ontvang sonder die ekstra hulp van JOT.

Bywoning van die leerders is vrywillig en klasse word met groot entoesiasme bygewoon. Daar is tans 40 van die 60 Graad 4's wat die JOT-klasse bywoon.

VORENTOE

Dankie en welkom aan Gerda Joubert en Beverly van Lelyveld wat vrywillig deel geword het van die JOT bestuur. JOT is steeds afhanklik van donasies. Daar word verder ook beoog om 'n soortgelyke aksie met een klassie in Klipfontein te begin. Hiervoor gaan ons addisionele finansiële hulp benodig. As u reeds bydra, sê ons BAIE dankie! Indien u besluit om 'n eenmalige of maandelikse bydrae te maak, sien gerus ons bankbesonderhede hieronder.

By voorbaat baie dankie.

JOT READING TRUST (Spaarrekening)

ABSA Tak nr: 632005

Rekeningnommer: 9067484309

Gebruik asseblief u naam en selfoonnommer as verwysing wanneer 'n inbetaling gemaak word.

Om meer inligting te bekom, kontak gerus vir:

- ◆ Marian Rossouw 082 411 6610
- ◆ David Groenewald 082 900 7442
- ◆ Ferdi Bergh 082 799 5303



PINKSTER 2026

Pinkster word 50 dae na Paassondag gevier. Dan herdenk die kerk die uitstorting van die Heilige Gees en word dit ook gesien as die verjaardag van die kerk. Dit is 'n tyd van nadink oor die kerk, ons roeping en hoe ons gehoorsaam kan wees aan Jesus se opdrag in Matteus 28 verse 19 & 20:



***"Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels:
doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees,
en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.
En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."***

Pinksterdienste word in Dias Oos sowel as Dias Wes aangebied : 18 – 20 Mei 2026.

Dias Oos**Dias Wes**

18 - 20 Mei 2026	10:00 in Gemeentesentrum	15:30 in Boknessaal
24 Mei 2026	Pinksterfees tydens erediens	Pinksterfees tydens erediens

MEFIBOSET SE MANK VOETE

Nadat koning Saul en Jonatan deur die Filistyne verslaan is, word daar met Jonatan se vyfjarige seuntjie, Mefiboset, gevlug na Lo-Dabar, die onvrugbare plek. Gedurende die reis laat sy oppasser hom val en as gevolg daarvan is hy kreupel vir die res van sy lewe.

Dawid word koning en op 'n dag vra Dawid: "Is daar nog iemand uit Saul se afstammeling oor? Ek wil aan so iemand goeddoen ter wille van Jonatan."
Siba, die bestuurder van koning Saul se hofhouding, vertel hom van Mefiboset – Mefiboset wat liggaamlik gestremd is, wat van 'n onvrugbare (ongewenste?) plek af kom en kleinkind is van die verslane koning Saul. Dawid laat haal hom dadelik sonder enige voorbehoud en alles wat aan Saul behoort het, word aan Mefiboset gegee. Hy bly in Jerusalem sodat hy in die paleis kan eet.


Kan ons nie ook maar genadig wees en mense hulle *sondes* vergewe nie? Ons wat ander se sondes so goed kan onthou. Kan ons hulle nie maar net aanvaar met hulle gebreke, letterlik en figuurlik gesproke, nie?

Vir die koning het dit nooit saak gemaak nie. Hy verwys nooit na die gebrek nie. Hy aanvaar, versorg, betoon genade, betaal sy skuld vir dit wat op u tyd vir hom gedoen is. Hy onthou sy belofte aan Jonatan! Ons is almal kinders van die Koning, vermink deur die sonde, permanent geskend – besig met ons aardse sleurbestaan – soos Mefiboset.
En dan onthou die Koning ons! Nie om ons skoonheid nie, maar op grond van sy belofte – en Hy roep ons en nooi ons met die kreupel voete om aan te sit by sy tafel. Al loop ons mank, neem ons ons plek in by sy tafel, saam met al die geheiligde sondaars – en ons deel in God se heerlikheid.

Wat ontvang ons aan sy tafel?

Rom. 8:1	Geen veroordeling	Heb. 10:14	Volkome vrymaking van sonde
Rom. 7:6	Vrymaking van die Wet	Ef. 2:18	Vrye toegang tot die Vader
Rom. 5:1	Vryspraak	1 Kor. 12:13	Deel van Sy liggaam
Rom. 8:15	Kind van God	Heb. 13:5	Om nooit in die steek gelaat te word nie

Uit sy oorfloed ontvang ons as kreupeles genade. Sal ons nie nou uit ons oorfloed met ander deel en barmhartigheid bewys nie? Die wêreld het nie net kos en klere nodig nie. Die wêreld is honger, ja, honger vir genade.



Linda Mynhardt
(Artikel Verkort - Red.)

VUURMAAKGOED, 'n digbundel deur Sars Pretorius . . .

Lydia du Toit (Redaksielid) het by hom gaan kuier om meer uit te vind . . .

Verlede jaar het Sars Pretorius van Boknesstrand 'n digbundel die lig laat sien.

"Sy poësie kom uit die hart van gewone mense – rou, eg en onopgesmuk. Hy skryf vir mense wat lief is vir Afrikaans sonder al die fieterjasies van akademiese analise."

'n Paar vrae aan Sars:

Red: Op die titelblad loop die leser hom vas in 'n "spelfout" **Skigter** wat jou soos 'n voorhamerhou tussen die oë slaan. Verduidelik hierdie "spelfout" asseblief.

Die gelyknamige gedig op bl. 2 verduidelik eintlik die skuilnaam en titel. Ek wou graag skilder, maar dink nie ek is goed genoeg met verf en kwas en doek nie. Nou gebruik ek eerder pen en papier en woorde om my prentjies mee te maak. Met ander woorde die word Skigter is 'n same-smelting van digter en skilder: 'n nuutskepping.

Red: Die bundel is in 2025 uitgegee. Wanneer het jy begin skryf aan die gedigte?

Dit was 'n lang proses en veral die eerste klomp gedigte is oor 'n lang tydperk geskryf. Die laaste gedigte het vinniger op mekaar gevolg.

Red: Wat was jou dryfveer agter die bundel?

My liefde vir my taal, Afrikaans.


Red: Wat is jou gunstelinggedig en waarom?

"Om te skip" en "Om te skip - vervolg". Ek moes die "skip" veilig hou, maar dan kom my belydenis in vervolg. My gewete pla, want ten spyte van die vol passasierslys het ek op die skip geklim en bygedra tot die oorlading en die gevolglike baie lyke in die water.

Red: **Gulpie se taal** is so 'n lekker gediggie om uiting te gee aan jou frustrasie met die gebruik van Engelse woorde in ons pragtige taal. Wie is Gulpie? Terloops, ek dink die gediggie sal nogal lekker kan sing ook.

Dis 'n baie bekende Afrikaanse sanger wat heelwat kinders oral rond in Suid-Afrika het, want ten spyte daarvan dat hy vir ons "veg", gebruik hy, nes baie jong mense vandag, talle Engelse woorde wanneer hulle Afrikaans praat.

Red: Baie dankie, Sars, vir 'n lekker kuier en lekker lees. 'n Laaste gedagte: Jou **Oumansdraffie** (strofe 1) en T. T. Cloete se **Uitgedun** (strofe 3) praat tong in die kies met ons almal!

**Oumansdraffie**

My spiere kreun
my litte kraak
Waar is die dae
toe ek ligvoets
aan die aarde raak!

Uitgedun

Nou Heer
is ek goedkoop
gesteld op
bloedsomloop
En brood en stroop.

Vuurmaakgoed is nie net 'n digbundel nie – dis 'n vuurmaakplek. Hier ontmoet woorde vlam, sintuig, pyn en troos. **Skigter** se stem is rou en eerlik, sonder pretensie, sonder opsmuk, net woorde wat tref en bly. Met digtersblik én 'n lag in die keel, neem hy jou van 'n slagpat tot 'n veldbrand, van die ou tikmasjien tot Ingridbaai. Hierdie bundel is vir elke leser wat voel, wat onthou, wat smag – nie vir professore of kokkedore nie, maar vir gewone mense met 'n liefde vir Afrikaans. Hier sing woorde soos tarentale en klou herinneringe soos wurgvye. Maak jou eie vuur aan met hierdie bundel – woel, pak, steek aan en laat die vonke spat. Want tussen rook en roet wag daar hitte, waarheid en 'n stem wat jy lank sal onthou.

**Vuurmaakgoed – 'n Digbundel
deur Sars Pretorius
by Heleen Malherbe (Uitgewer)
066 089 9675
R140 per boek**

VIR MEER INLIGTING EN OM DIE BOEK TE BESTEL,
SIEN DIE SKAKEL NA DIE WEBWERF :

<https://www.malherbepublishers.co.za/product/vuurmaakgoed/>

Sterftes (Dias Oos): Ons Innige Meegevoel aan hierdie familie.

♦ Frik (Frederick) Strauss

*25/07/1956 – †28/01/2026



Nuwe Lidmate [Slegs persone wie se attestate ontvang is] — Hartlik Welkom!

Dias Oos:

* Kian Erasmus (Vanaf NH Gemeente, Cradock)

Dias Wes:

* Christoph & Erika Müller (Vanaf Groenkloof NG Gemeente, Pretoria)

Dopelinge — Veels Geluk!

Dias Wes:

♥ Luandré Neethling
(Gebore 17 November 2025) ~
Gedoopt op 22 Februarie 2026
[Ouers is Tertius & Celine Neethling]



♥ Isabella Bea Cronjé
(Gebore 17 Mei 2022) ~
Gedoopt op 28 Desember 2025
[Ouers is Darren & Esté Cronjé]



Isabella Bea Cronjé is op 28 Desember 2025 deur ds. Christoph Müller in die kerk op Boesmansriviermond gedoopt. Isabelle (Izzy) en haar ouers, Darren en Esté, woon in Amsterdam, Nederland. Die ouers het in 2014 uit Suid-Afrika na Amsterdam verhuis vanweë werkseleenthede — albei was destyds in die advertensiebedryf betrokke.

Die egpaar en Izzy woon kerkdienste by in die pragtige Vondelkerk in Amsterdam. Een toring van die kerk het op Nuwejaarsdag 2026 afgebrand. Herstelwerk het reeds begin. Omdat sowel Darren as Esté se ouers en uitgebreide familie in Boknesstrand vakansie hou, het hulle besluit om vir Izzy in die pragtige kerk op Boesmans te laat doop.

Esté en haar ouers is lidmate van die Groenkloof Gemeente in Pretoria, waar hulle meer as 20 jaar gelede met ds. Christoph kennis gemaak het. "Dit was vir ons almal 'n voorreg om vir ds. Christoph, wat op Boesmans kom aftree het, te kon vra om Izzy se doop waar te neem", sê Ben en Ria du Plessis (Izzy se oupa en oma). Darren se ouers, Flip en Carin Cronjé, was ook deel van die besondere doopseleentheid.

Die familie bedank nie net vir ds. Christoph nie, maar ook die gasvryheid van Dias Gemeente!

[SIEN MEER FOTO'S VAN DIE 2 DOPE OP BLADSY 20]



KERSPAKKIEPROJEK – 2025

Dias Wes het weereens hierdie projek met ywer en entoesiasme aangepak gedurende Desember 2025. Gemeentelede en vakansiegangers het baie kreatiewe moeite gedoen om die bruin papiersakkies te versier, op te vrolik en te vul met allerhande lekkernye en bederfgoedjies.

Hierdie 117 pakkies is net voor Kersfees deur Ferdi Bergh, Allan Marais en Jaco Oosthuizen uitgedeel aan minderbevoorregte kleuters en kinders van ons buurgemeentes in Klipfontein.

**Geseënde Kersfees vir almal
by jul Dias Kerk.
Die Ou Apostoliese kerk en
Sondagskool sê baie baie baie dankie !!**
♡♡♡♡



12 January 2026

Dear Reverend, Members of the Church Council, and Congregation of NG Kerk Dias,

Grace and peace to you.

On behalf of VGK Boesmansrivier, we wish to express our sincere gratitude to NG Kerk Dias for the generous Christmas gifts you **so kindly provided** for our children. Your thoughtfulness and generosity brought great joy to the children and served as a meaningful reminder of God's love and care for them.

We are truly thankful not only for this special Christmas initiative, but also for your continued support, involvement, and partnership with our congregation. Your faithfulness and willingness to walk alongside us strengthens our ministry and reflects the unity we share as the body of Christ.

As we enter the year 2026, we would like to share the following Scripture as a word of encouragement for your congregation:

Isaiah 43:19

"See, I am doing a new thing! Now it springs up; do you not perceive it? I am making a way in the wilderness and streams in the wasteland."

May the year ahead be filled with God's presence, wisdom, and abundant blessings upon your congregation, leadership, and all your ministries.

We wish you a blessed and joyful New Year.

Yours in Christ,

Angus van Rensburg

Scribe

URC/VGK Boesmansrivier

Dear Friends and Supporters,

On behalf of the children of The New Apostolic Church of Klipfontein, I would like to extend our deepest and most sincere gratitude to every single person who donated or contributed towards the Christmas gifts this year.

Your kindness brought joy, excitement, and hope to little hearts who needed it most. Because of your generosity, these children were able to experience the magic of Christmas — something truly priceless. Your support reminds us that when a community comes together with love and compassion, incredible things happen.

Thank you for giving your time, your resources, your encouragement, and your hearts. Your efforts made a real difference, and it is greatly and sincerely appreciated.

Wishing you and your families blessings, peace and a joyful year ahead.

With heartfelt appreciation,
Priest Michael Koeries & Tershia Felix.





Wêreldbiddag vir mans – 2026

Vanjaar is die geleentheid wat ds. Wikus gelei het, vanuit 'n nuwe hoek aangebied.

Die oordenking was uit Matteus 11:25-30.

Die doel was om saam met manne oor die wêreld stil te raak en al jou laste wat jy saam met jou dra, vir Hom te bring soos wat in die uitnodiging in Matt. 11:28 staan.

Ons kon vir 'n oomblik stil raak en alles wat in jou gemoed leef, na God toe bring en Hom vra dat Hy jou sal ontmoet.

Die 4 momente om oor na te dink was die volgende:

- Lof uit 'n eenvoudige hart – Matt 11:25 en 26
- Om geken te word – Matt 11:27
- Uitnodiging aan vermoeides – Matt 11:28
- Sagmoedigheid en ware rus – Matt 11:29 en 30.

Die handleiding wat elkeen ontvang het, het ons denkproses gelei op 'n spesiale roete om “af te skakel en in te skakel”.

Die oordenking is afgesluit met die volgende toepaslike gebed:

*“Here Jesus Christus, U wat
sagmoedig en nederig van hart is,
leer my om in U teenwoordigheid te rus.
Vir elke man wat swaar dra – gee U uself.
Vir elkeen wat moeg is – wees U sy rus.
Vir elkeen wat onseker is – maak Uself bekend.
Ons kom, ons vertrou en ons rus in U. Amen”*

Na die spesiale oggend van stilword, het ons 'n reuse ontbyt geniet, met komplimente aan die dames van Dias Oos. Baie dankie, dit was 'n groot bederf!



- Allan Marais -



OGO (Ons Gee Om) Gemeentebediening – Dias Wes

Gemeentebediening wil lidmate bemagtig om ons Dias roeping: “Verlos, ter wille van die wêreld” prakties uit te leef. Gemeentebediening is 'n nuwe bediening in die gemeente en dalk wil jy saam droom hoe om hierdie roeping uit te bou in die spesifieke groepe in die gemeente, bv. die vroue, mans, gesinne, enkelpersone, jongmense en kinders. Raak gerus betrokke – so leer ons mekaar beter ken.

Ons het op 23 April 2024 afgeskop met 'n omgeefunksie in die konsistorie. [Lees gerus weer die berig in Dias Nuus van Oktober 2024 op bladsy 14].

Ons volgende funksie was op 26 Oktober 2025 in die vorm van 'n lekker saamkuier rondom heerlike eetgoedjies by die koffie en tee na die erediens in Boknes. Die doel van die OGO is om die gemeente uit te daag om saam te kuier en mekaar beter te leer ken sodat ons mekaar kan ondersteun waar nodig en terselfdertyd nuwe vriendskappe bou in die Bybelse tradisie van naasteliefde!

Die tafels was keurig gedek en versier en die koffie en tee het gereed gestaan. Ons het soet en sout vingerhappies verskaf en omtrent 100 van ons gemeentelude het heerlik saamgekuier. Dit het beslis die belangstelling geprikkel vir meer sulke informele saamkuiergeleenthede.

(Vervolg op p. 14 . . .)

Gemeentebediening (vervolg) . . .

Vroeg in 2026 het die OGO-komitee weer vergader om die volgende funksie te reël. Hierdie keer het ons vorendag gekom met 'n **Braai met 'n Ritmiese Draai** met die oog op Gemeentebou. Dis gehou op Saterdag 14 Maart om 16:00 in die Boesmans dorpsaal.

Die belangstelling en reaksie het na die eerste 2 weke se 'bemarking' alreeds ons stoutste verwagtinge oortref. 100 name op die lyste! Almal was aan gis en gons en wonder oor die geheime spanbou-aktiwiteit (die "ritmiese" deel). Tot die predikante wat dit elke Sondag moes afkondig, het gewonder of hul dalk hul dansskoene moet gaan uitgrou en blink poets vir die geleentheid.

Die verrassingsaktiwiteit (ysbreker) was toe 'n trommelsessie ("drumming") onder leiding van Marieta Cronjé, Elsa Lombard en Alta Kotze, waaraan ongeveer 65 van ons lidmate spontaan deelgeneem en dit regtig geniet het. Daar is getrommel, gegiggel, gelag en gesing uit volle bors! Daarna is daar gebräai, geëet en gekuier op die maat van Gerrie se rustige agtergrondmusiek, onder die koeltebome voor die saal, tot na donker.



Baie dankie aan een en elk wat hulp aangebied het met die voorbereiding van die saal en kuierstoep, die maak van slaai, al die skenkings (Sunshine Coast Spar, Pizzarella, Marco Taljaard — hout en hulp met die vuurmaakproses), al die gewillige braaiers, ens. Dit wys net weereens ons gemeente kan opreg OMGEE en hard saamwerk!

Ons sien uit na nog 'n heerlike saamkuier en beplan 'n funksie in Boknes se saal vir die tweede helfte van die jaar.

Kontakpersoon: Ilse Oosthuizen Sel: 061 498 4660

[Sien foto's van ons Gemeenteboufunksies op die agterblad (p. 20)]

VUUR IS 'N LEWENDIGE DING . . .

Die stof van al die mooi Nuwejaarswense het net gaan lê, toe daar 'n boodskap van Justin Wilmot op ons WhatsApp-groep deurkom dat daar 'n brand by Klipfontein uitgebreek het. Sy stem was bekommerd maar nie angstig nie; 'n rukkie later was dit wel — die vuur het oor die R72 gespring en indien die wind nie sou draai nie, was dit reguit oppad na ons (Nature's Landing) toe. Ek het 'n uur vroeër na ons boonste heining gery om ondersoek in te stel, want die rook was dig en die westewind het sterk gewaai.

Die boodskap het my laat besluit om vir Erika te vra om die nodigste te pak (wat pak mens binne 15 minute?) en Boesmans "proper" toe te ry en by die rivier vir my te gaan wag.

Ek is na my vriend toe wat 'n Fire King het (1000 L). Gehaak aan die vierwielmotorfiets, het ons oor die aanloopbaan na die vuur gery wat duidelik na ons toe oppad was. Van oral het daar mense opgedaag (ek skat later so 80 persone en 20 bakkies, sommige met watertens), almal reg om die vlamme te beveg. Die vuurveldkornette het ons gewaarsku om die vuur slegs van agter en van die kant af te benader want die wind was net te sterk. Almal het saamgewerk . . . daar is geslaan, gespuet en gebid! Ons het gou besef 1000 liter is NIKS! Die vlamme het ook soms agter ons weer "opgestaan" omdat die miskoek wat "doodgespuet" was, deur die wind weer opgeblaas word. Intussen was die rook, die geknetter en die hitte redelik oorweldigend. Die vuur was 'n lewendige ding!

Ons moes terugjaag om weer water te gaan pomp vir die Fire King. Dit het gevoel of die straal wat in die tenk inloop al swakker raak. Ek het maar aanhou bid en aan Jesaja 43 gedink. Op 'n punt in die hoek van die perseel het die brand deur die grensdraad gekom en vandaar af is die veld baie ruig. **En tóé draai die wind!** Ewe skielik was die hitte, die rook en die geknetter baie minder. Ons het deur die trane van rook, blydschap en dankbaarheid vir mekaar geglimlag.

Die suidewind wat die vuur gedraai het, was ook lekker koel. Iemand het vir ons 'n botteltjie water en ja... 'n *Bar One* in die hand gestop. Ek het opnuut besef in die aangesig van groot wind, vuur en water, is ons aan die **Here** se genade oorgelaat. Hy het juis die wind gebruik om vir ons uitkoms te bring. Vuur maak sy eie wind en dit kon soveel erger gewees het. In 'n stadium het een van die vuurslaners gesê: "Only the river will stop this fire!" . . .

'n Besoeker wat kom kuier het en ook gehelp het, is ongelukkig deur 'n pofadder gepik (daar was ook 'n ander pofadder wat doodgebrand het). 'n Fonds is op die been gebring, want die persoon werk vir homself. Weer wys die Oos-Kapenaars hul omgee-harte. Op 'n stadium was dié fonds reeds R200 000 sterk.

Voorwaar 'n ervaring wat soveel fasette van ons menswees, veral ons weerloosheid en die Here se groot genade, weer in die lig gestel het.



- Christoph Müller -

SAAM LEER ONS MEKAAR KEN EN DRA MEKAAR . . .

DIAS OOS : 'n Kitsonderhoud met Derrick en Retha Claassen

Redaksie: Vertel ons bietjie van jul grootwordjare en jul lewe voor Port Alfred.

Derrick: Ek is in Mortimer gebore en het grootgeword in Standerton en Volksrust en later Durban. Ek het 30 jaar vir Transnet gewerk en later by 'n privaat vervoermaatskappy tot my aftrede.

Retha: Ek is in Durban gebore en getoë waar ek na skool by die destydse 'Volkskas Bank' gewerk het en daarna vir 32 jaar as skoolsekretaresse. Ek en Derrick is al 53 jaar getroud en het 2 kinders (wat in die onderwysberoep is) en 3 kleinkinders.

Redaksie: Wanneer het jul hiernatoo verhuis? En waarom het julle Port Alfred gekies?

Ons kinders en kleinkind het in Port Alfred gewoon en dit het ons gelok. Ons het gedurende Mei 2019 van Durban af na Port Alfred verhuis. Die kinders het later verhuis na Hong Kong en die eiendom in Port Alfred behou, waarna ons tans omsien.

Redaksie: Is julle darem al ingeburger en voel jul al tuis in ons gemeente?

O Ja, ons is al vir 7 jaar baie gelukkig in Dias Oos Gemeente.

Redaksie: Wat 'tiek'el' julle? Passies, stokperdjies, ens?

Derrick: Houtwerk, DIY-dinge en musiek.

Retha: Lees, naaldwerk en my vriendekring.

Redaksie: Deel met ons 'n paar van julle gunsteling aktiwiteite, geregte en dinge.

Derrick: Rugby kyk, braai, kamp en musiek.

Retha: Stap met ons hond, reis en kamp, sport op TV kyk en lekker boerekos.

Redaksie: As jy môre 'n nuwe vaardigheid sou kon aanleer, wat sal dit wees en hoekom?

Derrick: Om goeie gholfe te kan speel

Retha: Ek geniet net my rustige aftrede na 'n volle 40 jaar se werk!



Redaksie: Wie is die persoon/e wat 'n groot invloed op jou lewe gehad het?

Derrick: My ouers.

Retha: Derrick – ek het baie wysheid by my man geleer deur die jare.

Redaksie: Watter boek of flik het 'n blywende indruk op jou gemaak?

Derrick: "Die Kaapse Geskiedenis".

Retha: Dalene Matthee se "Pieternella van die Kaap".

Redaksie: Wat is die grootste les wat die lewe jou tot dusver geleer het?

Derrick: Empatie, geduld en begrip vir mense om my.

Retha: Wees baie versigtig met jou geld en behandel alle mense dieselfde.

Redaksie: Vertel ons iets interessants van juisself wat niemand anders juis van weet nie . . .

Derrick: Ek het in my Weermagdae in Angola grensdiens gedoen (. . . *and live to tell the tale* . . .)

Retha: Iets avontuurlustig wat ek al aangepak het, was om vingeralleen na Hong Kong toe te vlieg en oor te klim na 'n ander vliegtuig op die groot Dubai lughawe. En verder het ons al gekamp, vir 'n week in ons karavaan gebly en dan daarvandaan gewerk! Lekker!

Redaksie: Wat is daardie een ding op jul "bucket list" wat julle nog baie graag wil doen?

Definitief om Namibië te besoek en selfs nog heelwat in ons eie mooi land rond te toer.

KOM ONS BOU AAN MEKAAR SE STORIES . . .

DIAS WES: 'n Kitsonderhoud met ds. Christoph en Erika Müller om hulle beter te leer ken:**Redaksie:** Vertel ons bietjie van jul grootwordjare en jul lewe voor Boesmans.

Christoph: Vreemd dat ek in die Oos-Kaap kom aftree het, want ek het op die Wes-Rand en in Wes-Transvaal grootgeword en by RAU en Tuks gestudeer. Ons was in gemeentes in Johannesburg en Pretoria, en ek het ook 'n rukkie tussen die bediening in Johannesburg en Pretoria korporatiewe gewerk. Erika en ek het twee kinders: Ernst (wat soms Fransehooring in ons kerk speel) en Carlien. Ernst werk as 'n prokureur by 'n internasionale regsfirmatjie en hy en sy vrou Nora het 'n dogtertjie en seuntjie. Carlien is 'n spraakterapeut wat tans as dosent in Kommunikasie Patologie in die akademiese werk en sy en haar man Stefan het twee seuntjies.

Erika: Ek het grootgeword in Randburg en het daarna gestudeer by RAU. As opvoedkundige sielkundige het ek, na 'n ruk in privaatpraktyk, vir 10 jaar gewerk as 'n studentevoorligter en daarna as dosent in verlengde graadleergange by UJ en Tuks. Ek was ook bevoorreg om die verlengde graadleergang in Ingenieurswese by UP te kon bestuur tot my aftrede. Ek het my manlief op skool in die Transvaalse Jeugkoor ontmoet en weer herontmoet by 'n skoolverlaterskamp — die res is "history"...❤️

Redaksie: Wanneer het jul hiernatoe verhuis & waarom het julle Nature's Landing, BRM gekies?

Christoph: Ons het in November 2023 na Boesmans verhuis nadat ek formeel afgetree het. Erika se mense het my aan die plek bekendgestel tydens 'n seevakansie in 1978. Na baie jare se heerlike vakansies op hierdie "hartsplek", het ons in 2006 'n huis hier gebou om "in die mark te wees" vir wanneer ons eendag aftree. Ons vakansiehuis word toe 'n woonhuis . . . ons aftreehuis!

Erika: Ek het vir die eerste keer saam met my ouers op Boesmans vakansie gehou aan die einde van my standaard 4-jaar — heerlike karavaanvakansies vir 5 jaar, voordat my ouers 'n erf in Umthathisastraat gekoop en daar gebou het. Nadat hulle daar verkoop het (toe ons op universiteit was), het my ouers en haar man 'n huis in Smutsstraat gekoop waar ons toe verder Desember vakansies gehou het. Toe ons ook besluit om 'n vakansiehuis te bou, was die logiese keuse Boesmans!

Redaksie: Is julle darem al ingeburger en voel jul al tuis in ons gemeente?

Ja, lekker ingeburger en tuis. Ons is baie dankbaar vir 'n "sagte landing" en na net 2½ jaar hier, is die stadsgedruis vir ons alreeds bietjie oorweldigend!

**Redaksie:** Wat 'tiekel' julle? Passies, stokperdjies?

Christoph: Ek sal met die stokperdjies begin. Ek hou van leerwerk en houtwerk — leer en hout is baie dankbaar en duursaam as 'n mens dit mooi oppas. Ons gesin geniet ook musiek. My ouma was 'n musiekonderwyseres en my oupa ('n sendeling se seun — Hermansburgse Sendinggenootskap) het kore afgerig.

Die veld laat my totaal van tyd vergeet. Daarom bly ons op 'n plaas . . . 🤗

Mense 'tiekel' my. Ek het 'n pastorale spreekkamer in Pretoria gehad en gaan tans steeds voort daarmee op Maandagoggende.

Erika: Ek, die kinders en kleinkinders, deel Christoph se liefde vir musiek en die natuur. Ek hou ook van handwerk soos hekel en brei, alhoewel die "proses" gewoonlik meer suksesvol is as die eindprodukt!

Ek doen steeds deeltydse werk as "rekening-tannie" vir my dogter se privaatpraktyk — dit hou my kop bietjie aan die gang na 'n vervroegde aftrede.

Redaksie: Deel met ons 'n paar van julle gunsteling aktiwiteite, geregte en dinge.

Christoph: My gunsteling dier is 'n perd. (My jonger broer en ek moes destyds ons eie perde inbreek. Ek het steeds 'n saal in die motorhuis). Ek het ook met Bullterriërhonde (Kusa geregistreer) geteel. Van kleins af het ek en my boeties balle gejaag, geskop, gevang, gegooi en geslaan. Enige balsport het baie tyd in beslag geneem en steeds 'n bietjie — deesdae gholf en rolbal.

My gunsteling gereg is enige iets wat die cholesterol opjaag. Trooskos vir my is roomys.

Erika: My gunsteling "diere" is my man, kinders en 4 klein-kindertjies — ek is nie eintlik 'n 'troeteldier'-mens nie.

Ek speel saam rolbal en doen ook Pilates vir die stywe spiere en seer rug. Ek wil graag baie meer stap – hier is so baie lieflike plekke om dit te doen. My gunstelingkos is enige iets wat met aartappels gemaak word – daarom behoort ek baie meer te stap!

Redaksie: As jy more 'n nuwe vaardigheid sou kon aanleer, wat sal dit wees en hoekom?

Christoph: Ek sou graag wou kon vlieg. Dit moet wonderlik wees om die wêreld gereeld met “God se perspektief” te kan sien. Wanneer ons vlieg, raak ek so baie bewus van ons nietigheid en die Here se almag.

Erika: Ek het op 50-jarige ouderdom met tjellolesse begin – sal baie graag baie goed tjello wil speel. Ek het dit ongelukkig baie afgeskeep die afgelope paar jaar, so ek moet amper weer van vooraf begin. Verder sal ek graag nog 'n taal wil aanleer.



Redaksie: Wat is die beste raad wat jy al ooit by iemand gekry het? Of wie is die persoon wat 'n groot invloed op jou lewe gehad het?

Christoph: My familie gee gereeld baie goeie raad... Groot invloed. Daar is vele. As ek een moet uitsonder: my Duitse oupa (ek was 14 toe hy oorlede is). Hy het my geleer die lewe skuld ons niks. Doen met wat jy het, wat jy moet, waar jy is!

Erika: Ek luister graag na Christoph se raad - hy ken my so goed . . . 🙄

My Engelse juffrou (Mev. Tyna Webb) het 'n groot rol in my aanvanklike beroepskeuse gespeel (ek was eers 'n Engelse juffrou vir 'n paar jaar voordat ek verder studeer het), maar daar is ook vele mense deur die jare by wie ek waardevolle goed kon en steeds kan leer.

[Red. - Sien gerus ook die familie/troufoto van hierdie eerste juffrou Tyna op P.18 - die BRM-wêreld is werklikwaar klein!]

Redaksie: Watter boek of fliek het 'n blywende indruk op jou gemaak?

Christoph: Nie 'n boek nie, maar skrywers soos Victor Frankl, Stephen Covey, M Scott Peck, Ralph Waldo Emerson, CS Lewis, Dietrich Boenhoffer, Simon Sinek, Jordan Peterson & Samuel Terrien.

Erika: Mooi films soos *Out of Africa* met Meryl Streep, *Schindler's list*, *Dances with wolves* — veral ook oor die pragtige musiek in hierdie films.

Redaksie: Wat is die grootste les wat die lewe jou tot dusver geleer het?

Christoph: Wie is ek? Waar is ek? Wat is ek? is die somtotaal van al die keuses (goeies en slegtes) wat ek tot dusver gemaak het.

Erika: Verhoudings met die mense in jou lewe is vir my baie belangrik – toewyding en lojaliteit aan geliefdes en tyd wat 'n mens saam spandeer is ononderhandelbaar.

Redaksie: Wat is daardie een ding op jou “bucket list” wat jy nog baie graag wil doen?

Christoph: Ek sou graag 'n rondte golf op St. Andrews se *Old Course* wou kon speel en 'n 5-dag kriekettoets tussen RSA en Engeland gaan kyk.

Erika: Ek sou graag mooi wou skilder met waterverf.



Redaksie: Ons Dias Gemeente wens julle alles wat mooi en voorspoedig is toe vir die toekoms en ons bede is dat julle baie gelukkig sal wees in ons Dias-familie.

DROOGTE en REËN

(met apologie aan NP Van Wyk Louw)

*Gister was die aardryk nog puur vaal
eselvaal en asbosvaal
en moedverloor-se-vlakte-vaal
maar vandag is die aardryk puur groen
dis grasgroen en duïnbosgroen
en dankbaar-op-God-vertrou-
se-kusruigtegroen!*

~ Irma Venter ~



Groenpunt . . .

'n interessante stukkie kontreigeskiedenis

Aan die onderkant van Cycadstraat in Boesmansriviermond, agter die ablusieblokke op die strand, sit Groenpunt, 'n hout-huisie, nou al vir meer as 100 jaar. In 1926 het ds. J.G. Strydom, bekend as Valie, die huisie gehuur as 'n vakansieplek vir hom, sy vrou Kate en hulle nege kinders, Thia, Lala, Marie, Mintie, Betta, Kallies (die enigste seun), Emma, Huldah en Tyna. Ses jaar later, in 1933, het ds. Strydom die huis amptelik gekoop (volgens die transportakte van destyds).

Daardie klomp kinders en hulle nasate het vele droomvakansies gehou op Boesmans van toe af tot nou. Een van Oupa Valie se kleinkinders, Roline (Lientjie), is in die Groenpunthuis gebore en bly nou permanent in Boesmans. Vele ander kleinkinders is hier gedoop deur hulle oupa Valie en twee van hulle, Hannes Smit en Marikie Pienaar Botha, bly ook nou in Boesies. Altesaam is daar nou ses kleinkinders wat permanent in Boesmans bly en nog vier ander wat vakansiehuise hier besit.

En Groenpunt? Groenpunt, wat presies 100 jaar gelede ontdek is deur ds. J.G. (Valie) Strydom, behoort nou aan sy kleinseun, J.G. (Valie) Strydom, en word opgeknip sodat hy en sy vrou, Ilse, binnekort ook permanent hier kan kom woon.

Boesmansriviermond is in ons bloed en as ek die spulletjie so kyk, gaan daar altyd Strydomnasate in Boesmans bly.


UIT DIE PEN VAN : Elspeth Liebenberg (Emma Strydom se oudste dogter en suster van Hannes)



Die STRYDOM FAMILIEFOTO is geneem voor die Boesmanskerk op 20 Desember 1951, op Oupa Valie en Ouma Kate (in 2e ry, sittend, 4e en 5e van links) se 40e huweliksherdenking, maar ook op Tyna se troudag. Die jongste Strydomdogter, Tyna, trou met Jan Webb in ons kerkie – (bruid en bruidegom in die middelste ry staande).

Middel heel links sit Lala met baba Lientjie op haar skoot en middel regs sit drie van die agt susters, Marie, Mintie en Emma elkeen met onderskeidelik Fred, Marikie en Hannes op hulle skote - al drie hierdie kleinkinders is in een diens gedoop deur hulle oupa Valie.

In die agterste ry, 3e van links is die enigste seun van die 9 Strydomkinders, Jan Harm (Kallies) Strydom, sy vrou Kate (met hoed) regs van hom en sy suster Huldah links van hom. Thia (oudste dogter) sit links van Ouma Kate in die 2e ry en Betta staan heel regs in die 3e ry.



GROENPUNT
TANS

GROENPUNT DESTYDS ... & ... GROENPUNT KRY 'N "FACELIFT"



Kleinkind JG Strydom
(Valie), nou self 'n
'oupa', saam met een
van sy kleinkinders op
die Boesmansrivier.

Twee van die 6 Strydomkleinkinders wat tans permanent
op Boesmans woon, Elspeth en Mariki sit aan die
Nagmaaltafel op 15 Februarie (Lydenstyd Week 1 - 2026).
Lees gerus die Groenpunt storie hier langsaan op p. 18.

Ons is op soek na brokkies nuus uit die gemeenskap / omgewing vir ons nuwe geselsrubriek :

KOFFIETAFEL STORIES



Dit kan in die vorm van kort staaltjies, vertellings, skryfstukke of gedigte wees.

Hier kan jy kom spog met jou kind of kleinkind se prestasies of iets kosbaar of kostelik met medelesers deel.

Stuur sommer nou al jou bydrae en foto's (jpg- of png-formaat) vir die volgende uitgawe van
Dias Nuus na Esmé: sydneyjooste@gmail.com (In 'n WORD dokument asb. → Maks 250 woorde)



Ferdi, Allan, Jaco
& hul kleinseuns
laai 117 propvol
Kerspakkies af by
3 kerke in
Klipfontein



LEES
MEER
HIEROP
OP
BLADSY 12





'n Braai met 'n "Ritmiese" draai ...

Bring saam:
Die pienkiesmandjie met boorde, bakke, glase, eetgerei, broodjies & spysie.
"Snacks" vir vooraf kribbel.
Maak vir 'n braai & en versierings.
Glimlagte & genotiesisme!

Saterdag 14 Maart 16:00 Boesmans Dorpsaal

Word voorgiesien:
• Tafels & stoele
• Braauleiure
• Slaas en broodjies
• Nagereg
• Akkuisit (Verreessing!)

Gemeentebou
Vet Pret
Samesyn
Leer mekaar ken

BRUIN: JOU NAAM OP DIE LYS Vooraf op: 18 Mei 2026
DIE Kerkhof van KONTAK WITBLAD: 0861 488 4884



VETPRET & KAPERJOLLE WAS DIT BESLIS !



DIAS WES GEMEENTEBRAAI 14 MAART 2026



Izzy (links in die sneeu) wat saam met haar ouers in Nederland woon en ook die onlangse brand (regs) by die Vondelkerk in Amsterdam. IZZY CRONJE SE DOOP & FAMILIE 28 DES. 2025

♥ ♥ ♥



Luandré Neethling se Doop 22 Februarie 2026

